# CALVYN OOR DIE HERMENEUTIESE REËL TEN OPSIGTE VAN NUUSKIERIGHEID EN SPEKULASIE

## Nuttelose spekulasie

In sy „Institusie" toorn Calvyn ook teen nuuskierigheid en spekulasie. Wat hy met spekulasie bedoel en hoe hy daaroor voel, word treffend duidelik in Boek I, hoofstuk 14, paragraaf 1. Hy gaan daar in op die vraag waarom God so lank gewag het voordat Hy hemel en aarde geskape het, wàt God dan in al die ewigheid vóór die skepping gedoen het. Hy wys daarop dat ons dit nie mag ondersoek nie en dat dit geen nut het om dit te doen nie. Dit sou nie nuttig wees om te weet wat God Self, om die beskeidenheid van ons geloof op die proef te stel, met opset verborge wou laat bly nie. Hy vervolg: „En geestig was die antwoord van die vrome grysaard wat, toe 'n onbeskaamde man hom spottend gevra het wat God gedoen het vóór die skepping van die wêreld, gesê het dat hy die hel geskape het vir nuuskierige mense". Calvyn hoop dat hierdie „ernstige en gestrenge vermaning" die uitgelatenheid wat baie mense dryf tot „slegte en skadelike bespiegelinge", sal bedwing.

## Nuuskierigheid en vrypostigheid veroorsaak dwaling

Hieruit is dit reeds duidelik dat Calvyn hierdie soort nuuskierigheid as 'n ernstige sonde beskou het. Dit is die bron van baie ander kwaad. In sy kommentaar op Deuteronomium 18 : 9 gaan hy verder daarop in. Hierdie Skrifgedeelte handel oor die Here se waarskuwing teen waarsêers. Calvyn wys daarop dat die sondige mens veral in twee opsigte verdorwe is in sy soeke na kennis van God: eerstens het hy 'n wilde begeerte om meer te weet as wat hy behoort te weet en tweedens neem hy sy toevlug tot verkeerde weë om kennis te kry. „Uit hierdie twee bronne, naamlik dwase nuuskierigheid en ongebreidelde roekeloosheid of vrypostigheid het al die bygelowe en dwalinge gevloei wat die wêreld getref het". In die Skrif word nuttige kennis aan ons geopenbaar, „maar aangesien die mens se nuuskierigheid onversadigbaar is, dink hulle nie aan wat nuttig vir hulle is nie, maar begeer, soos Adam, om ‚soos die gode' te wees en om alles, sonder uitsondering, te weet". Hy voer die nuuskierigheid hier duidelik terug na Adam se sonde in die Paradys — dit is as 't ware 'n „wortelsonde". Hy onderstreep nogeens: „Dit is die oorsprong van alle ydelhede waardeur die wêreld nog verstrik is".

## Nut van kennis van die besondere openbaring

As 'n mens Calvyn se uitsprake oor nuuskierigheid en spekulasie nagaan, tref dit telkens dat hy in hierdie verband die Besondere Openbaring en die nut van ons kennis daarvan ter sprake bring. In die Skrif vind ons die grens vir ons nadenke oor God en sy heil.

Hierdie grens mag ons nie oorskry nie, maar in die nuuskierigheid en spekulasie word dit wel gedoen. In teenstelling met spekulatiewe kennis is kennis van die Skrifte nuttig — dít is 'n belangrike element in Calvyn se Skrifbeskouing. Hy grond dit op 2 Tim. 3 : 16: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering ..." Van hierdie vers sê hy in sy kommentaar: „. . . toe God aan ons sy Skrifte gegee het, het Hy nie bedoel om ons nuuskierigheid te bevredig, of om vertoon aan te moedig, of om geleentheid te gee vir klets en gesels nie, maar om aan ons goed te doen; en daarom moet die regte gebruik van die Skrif altyd tot nut strek".

## Die grens van ons denke

Wat Calvyn bedoel met die grens wat ons nie mag oorskry nie, word duideliker uit 'n passasie uit die Institusie waarin hy oor die Drie-eenheid van God spreek (I, 13, 21). Hier gebruik hy die mooi uitdrukking dat in ons nadenke oor hierdie leerstuk „die gedagte of die tong nie verder moet gaan as wat die gebied van Gods Woord uitstrek nie". Hy vervolg verder: „dat ons nie van plan moet wees om na God êrens anders te soek as in sy heilige Woord, of oor Hom iets anders te dink as dit waarin sy Woord ons voorgaan, of iets anders te spreek as wat uit dieselfde Woord geneem is nie. Indien die onderskeid wat geleë is in die één Godheid van Vader, Seun en Gees — moeilik soos dit is om te begryp — vir sommige in hulle verstand meer moeite en las veroorsaak as wat dienlik is, dan moet hulle in gedagte hou dat die mens se verstand 'n doolhof betree wanneer dit toegee aan nuuskierigheid. Daarom moet hulle dit verduur om gelei te word deur die hemelse Godsprake, ook al begryp hulle die diepte van hierdie verborgenheid nie".

## Die „soliede" openbaring self as hermeneutiese uitgangspunt

Uit talle uitsprake blyk dit dat dit vir Calvyn steeds gaan om die grens wat geleë is in die Openbaring self en om die nut van die Skrifkennis. In sy kommentaar op Gen. 4 : 6 sê hy: „. . . niks is nuttiger as dat vroom mense deur die prediking gehoorsaam aan die Skrif bly nie, sodat hulle nie die raad van God in afwykende spekulasies ondersoek nie". Elders sê hy dat dit ons betaam om met ons kennis binne perke te bly en niks anders te wil weet as wat die Here goedgedink het om aan sy kerk te openbaar nie. „Laat dit die grens van ons kennis wees" (Kommentaar op 2 Kor. 12 : 4).

Ons het hier met 'n belangrike hermeneutiese reël by Calvyn te doen. Hy sê dit self in sy kommentaar op Hosea 6 : 2: „Laat elkeen wat begeer om vooruitgang in die Skrifte te maak altyd aan hierdie reël vashou — om van die Profete en Apostels alleen wat solied is te neem". Daarmee bedoel hy nie 'n skifting in die inhoud van die Skrif self nie. Met „solied" bedoel hy dit wat met sekerheid deur verklaring uit die Skrif geneem kan word. Juis dit wat dus „solied" op die Skrif rus. Dit wat „solied" is, staan hier ook teenoor „subtiele spekulasies", wat nie op die Skrif rus nie, maar slegs 'n aanknopingspunt in die Skrif vind. As ons die Skrif verklaar, moet ons altyd toe-

sien dat ons „nie in die lug vlieg nie". Subtiele spekulasie „bevredig met die eerste oogopslag, maar verdwyn agterna".

## Calvyn se toepassing van die reël

Hoedat Calvyn getrou gebly het aan hierdie reël, kan kortliks geïllustreer word in sy nadenke oor die erfsonde en oor die hiernamaals.

Wat die erfsonde betref, kan ons verwys na sy kommentaar op Psalm 51 : 7. Berkhouwer noem hierdie vers die „kern-woord" van Calvyn se erfsondeleer („De Zonde II", bladsy 262). In sy kommentaar verwys Calvyn na die vraag waaroor baie gespekuleer is, nl.: „Hoe word die sonde van die ouers na die kinders oorgedra?" Hy weier egter om hierdie „doolhof" te betree, omdat die Skrif nie daarop 'n antwoord gee nie. Spekulasie oor hierdie vraag lei die besinning oor die erfsonde op 'n dwaalweg, sodat die klem wat die Skrif self lê, verskuif word. Nie die weg waarlangs die sonde oorgedra word nie, maar die totale en universele verdorwenheid van die mens is die saak waarom dit in die erfsonde gaan.

In ons nadenke oor die geluksaligheid en die hiernamaals, sê Calvyn, moet ons soberheid betrag, want „ons voel ook hoe ons deur 'n onmatige begeerte om meer te weet as wat geoorloof is, geprikkel word. Daaruit wel nou en dan ydele en ook skadelike vrae op. Ydel noem ek dié vrae waaruit geen nut verkry kan word nie. Maar die tweede is erger, omdat hulle wat aan dié vrae toegee, hulle in verderflike bespiegelinge verwar" (Inst. III, 25, 10). Daarom rig Calvyn hom teen „niksbeduidende mense" wat vra „waartoe die vernuwing van die wêreld dien, aangesien die kinders van God uit so 'n groot en onvergelyklike oorvloed geen enkele ding nodig sal hê nie, maar gelyk sal wees aan die engele, wie se gemis aan die behoefte om te eet en te drink die teken is van ewige geluksaligheid" (III, 25, 11).

Vanuit spiritualistiese veronderstellings oor hoe die mens sal wees in die hiernamaals, kan hierdie mense nie enige sin sien in die vernuwing van die aarde nie. Spekulatiewe gedagtes lei hulle daartoe om die duidelike Bybelse getuienis oor die „nuwe aarde" (Openbaring 21 : 1) te verwerp. Daarteenoor neem Calvyn die getuienis oor die nuwe aarde in sy besinning oor die toekoms op. Hoe dit presies sal wees, weet hy nie, omdat die Skrif dit nie sê nie, maar ons moet „tevrede wees om nou in 'n spieël en in 'n duistere rede te sien, totdat ons van aangesig tot aangesig sal sien" (III, 25, 11; vgl. Berkhouwer: „De Wederkomst van Christus I", bladsy 286).

Bloemfontein. Frans van der Walt.